NG KERK
KUILSRIVIER-DE EIKE

AANKONDIGINGE EN GEMEENTENUUS

SONDAG 11 OKTOBER 2020

NEGENTIENDE SONDAG IN KONINKRYKSTYD

GEMEENTE DAGBOEK

GEBEDSONDERWERP VIR DIE WEEK
Ons bid vir rustigheid en vrede in ons land.

LEESROOSTERTEKSTE VIR DIE WEEK
1 TESSALONISENSE 1:1-10, EKSODUS 33:12-23
PSALM 99, MATTEUS 22:15-22

SONDAG, 11 OKTOBER
09:00 Oggenddiens: ds Hannes Burger Geen Aanddiens
MAANDAG, 12 OKTOBER
19:00 Sportmanne Bybelstudie – byeenkoms in Konsistorie 19:00 Vrouelidmate Bybelstudie – byeenkoms in Moederskamer
DINSDAG, 13 OKTOBER
09:30 Senior burger Bybelstudiegroep – byeenkoms in Kerk 17:00 Kooroefening
WOENSDAG, 14 OKTOBER
09:30 Vroue Bybelstudie – byeenkoms in Konsistorie 09:30 Othello Bybelstudie – in Dameskroeg in Desdemona
DONDERDAG, 15 OKTOBER
10:00 Dienssentrum vir Seniors – Moedergemeente Kerksaal: Sangoptrede: Gordon Rocker 15:00 Openbaring Bybelstudie – byeenkoms in Konsistorie **Sopkombuis**: Jorina Botha, Abbie Marais, Ronel Williams, Riana Fick, Ronel Botes, Corra Kitshoff, Miemie Myburgh
VRYDAG, 16 OKTOBER
09:30 Gebedsbyeenkoms in Konsistorie – almal welkom
SATERDAG, 17 OKTOBER

SONDAG, 18 OKTOBER

TWINTIGSTE SONDAG IN KONINKRYKSTYD

09:00 Oggenddiens - Doop
Kontak Kerkkantoor om plek te bespreek.
Protokolle sal gevolg word.

Geen Aanddiens

VAN ALLES EN NOG WAT

1. Ons benodig enige grootte glasflessie of potjie om produkte in te lê. Dit kan Dinsdae oggende by die Drop & Go of by die kerkkantoor gedurende die week afgegee word.
2. Indien jy enige wol het wat jy kan skenk vir die brei van mussies, truitjies, serpies, ens, kan jy dit op Dinsdae oggende by die Drop & Go of by die kerkkantoor gedurende die week afgee.
3. Lidmate is steeds welkom om enige tweedehandse klere, beddegoed, ens. na die kerk te bring vir die klerebank. Boeke en tydskrifte word ook benodig.
4. Baie dankie aan Johan Kriel (Champagne Slot) vir die skenking van die videokamera waarmee die preke tydens ons eredienste opgeneem gaan word.

EREDIENSTE

BAIE BELANGRIK!!! Bywoningsgetalle word beperk tot 250. Almal wat die diens wil bywoon moet dus **elke week** hul naam op die lys by die kerkkantoor plaas. Besoek hulle of kontak hulle telefonies by 021 903 3818 gedurende kantoorure.

Ons wys net ons lidmate daarop dat met die veranderde skoolkwartale vanjaar se almanak ietwat verander het. Ons sal julle weekliks op hoogte hou van die program soos aangepas. Volgens die WKOD se webtuiste sluit die skole vir hierdie kwartaal eers op 23 Oktober en heropen weer op 2 November.

Die Nagmaal van 18 Oktober skuif na 25 Oktober agv die doop wat op 18 Oktober bedien word.

VERJAARSDAE VIR DIE WEEK

11/10 Zanika de Mon, Amor Neethling, Heidi Nel, Lucian van Huyssteen, Rosslyn Abrahams
12/10 Leon Fourie, Shané Neuhoff
13/10 Drieka Engelbrecht, Johan Olivier
14/10 Cathy van Tonder
15/10 Pieter Schoeman, Ina Hurter, Michael Albrecht, Jannie Visser
16/10 Liana Hough, George Loots, Sonja van Wyk
17/10 Christa Smit, Andriëtte Moolman, Petro Thom

GEMEENTENUUS

1. Die volgende persone word vanoggend as kerkraadslede bevestig:
   - Henty Wickens (Voorsitter Eiendomme Kommissie)
   - Tertia de Wet (Blokleier: WBG 5)
   - Clayton van Zyl (Blokleier: Blok P).
2. Baie welkom aan Juné Kruger wie se lidmaatskap vanaf Velddrif ontvang is.
3. Anna van Wyk (Voëlvry) het nie goeie nuus oor haar gesondheid ontvang nie.
4. Erna Carstens (Swaan Singel) het ‘n operasie ondergaan.
5. Corla Gericke (Krisant Singel) is die week ge-opereer.
6. Dit gaan beter met Sonja Burrows. Sy ondergaan tans mediese ondersoeke en is steeds in die hospitaal.
7. Dit gaan nie goed met Harriot van Greunen se gesondheid nie. Hulle woon tans in Riversdal.
8. Die Othello Bybelstudiegroep begin eerskomende week 14 Oktober weer. Dit is om 9:30 in die Dameskroeg in Desdemona. Kom asseblief bietjie vroeër sodat ons die stoele so skuif dat ons aan die Covid-19 protokol voldoen. Ons gaan voort by Matt 10:32-39 (Punt 10.6, bl 23)
9. Dit gaan nie goed met Japie van der Merwe (Othello) se gesondheid nie.

TIENDE MAAND DANKOFFER

Ons jaarlikse Tiende Maand Dankofferinsameling vind plaas op Sondag 25 Oktober 2020. Die koeverte is reeds na die blokleiers versprei vir verdere verspreiding na die lidmate. Indien jy nie ‘n koevert ontvang nie, is jy welkom om een by die kerkkantoor te kom haal. Bydraes kan ook per EFT of Snapscan gegee word. Gebruik verwysing 10de Dankoffer.

BYBELS

Tydens Pinkster is die bedrag van R15 545 ontvang. Ons sê weereens baie dankie aan almal wat bygedra het. Soos in die verlede is donasies gemaak aan Die Bybelgenootskap van Suid Afrika en die Gideons. Ons het ook weer Afrikaans, Engels en Xhosa Bybels aangekoop om in die gemeenskap te verspei. As jy weet van ‘n huishulp, tuinier, karwag, petroljoggie, ens wat graag ‘n Bybels sal wil ontvang, kom haal gerus een by die kerkkantoor. Maksimum 2 Bybels per lidmaat

VROUEOGGEND – ALTA DU TOIT NASORG

Alta du Toit Nasorg, Bellville, bied op Saterdag 28 November 2020 om 09:30 ‘n VROUEOGGEND aan by Goedgeleven, Durbanville.

Die gaskunstenaars is Dowwe Dolla en Leah. Kaartjies teen R295 per persoon is beskikbaar by marina@altadutoit.org.za

SKOOLVERLATERS 2020

Die klas van 2020 se eindeksamen begin op 5 November. Ons as gemeente wil graag weer vir hulle tydens 'n erediens sterkte toewens met die eksamen aan die einde van 'n baie moeilike jaar. Dit word beplan vir Sondag 1 November.

Ons het die name van die volgende skoolverlaters. Indien jy bewus is van nog wie se naam nie op die lys verskyn nie, laat weet asb die kerkkantoor.

Kian Britz, Kyla Clark, Zonika de Mon, Fritz du Raan, Kristin Grobbelaar, Diaan Groenewald, Dirk Heydenrych, Willmi Loots, Cian Myburgh, Zeldene Prinsloo, Lize Small, Albertus van der Merwe, Armand van Tonder

DE EIKE SE "DROP & GO" – PROJEK

Die Drop & Go Projek gaan steeds voort met die insameling van kos vir die koskas waaruit kospakkies aan behoeftige gesinne verskaf word.

Ons Melkvoorraad is tans baie laag.

Kontak die kerkkantoor of Piet Rootman by 0823750259 vir verdere inligting.

AKSIE SAMARITAAN

AKSIE SAMARITAAN

WENSLYSIE...

- **Borge vir bestanddele van weeklikse pannekoek projek van volgende items:**
  - **10kg koekmeel**
  - **3 houers groot eiers (30 per houer)**
  - **2.5kg suiker**
  - **4 x 750ml kookolie**
- **Bakkers en strooiers om te help by pannekoek**
- **Elektriese grassnyer & randsnyer**
- **100 borge vir die haweloses se Desember vakansie kospakkies. Koste R500 – Kontant / Lys van items beskikbaar**

Kontak vir Jacomina by 0824533862 indien u behulpsaam kan wees met enige van die wense....
U vrygewige goedhartigheid word opreg waardeer.

PREEKSKETS – 11 OKTOBER 2020

TEMA: Die Tragiese Verhaal van die Goue Kalf

Prediker: Ds Hannes Burger

Skriflesing: Eksodus 32:1-14

Inleiding: Hoe dien mens regtig die Here?
- Ons ken die antwoord: Soos Hy vra!
- Maar nou is die versoeking altyd daar om dit vir ons bietjie geriefliker te maak...
- Sê nou jy kan Sondagoggende net ‘n videotjie in jou pajamas kyk...
- Maar die vraag is nie wat vir *jou* werk nie. Die vraag is wat God vra...

1. **Stel jouself ‘n oomblik in die Jode se skoene**
- Moses, hulle leier, is weg en bly weg.
- Hy en God is onafskeidbaar. Dit beteken, God is ook weg...
- Hulle is alleen, uitgelewer aan die wrede woestyn!
- Hulle sal ‘n plan moet maak!

2. **Toe maak hulle die goue kalf**.
- Heel waarskynlik is dit nie ‘n nuwe afgod, wat hulle vir hulleself skep nie.
- Dis deel van hulle kultuur: jy maak jou god vir jouself konkreet.
- Dit gee jou natuurlik ‘n mate van beheer oor hom.
- Nou kan hy nie meer weggaan nie!
- Maar dis natuurlik ‘n direkte oortreding van die tweede gebod.

3. **Daarom gooi Moses die kliptafels stukkend**.
- Dis nie bloot ‘n “tantrum” nie, dis ‘n simboliese daad.
- In sy hande het hy die skriftelike bewys dat sy mense kontrakbreuk gepleeg het.
- Dis wat gebeur as ons self begin besluit hoe mens God behoort te dien...
- Wat my terugbring by die vorige keer wat die volk in opstand gekom het, oor kos.
- Ook daar het Moses vir hulle ingetree.
- Wat het hulle daar geleer” God vra 2 goed: Vertroue en gehoorsaamheid....